KLEIN POSSIE MIDDAGSORG

Welkom by Klein Possie Middagsorg

Klein Possie Middagsorg is ‘n diens wat deur die skool self aangebied word, op die Preprimêr se terrein. Daar sal altyd ten minste drie personeel aan diens wees op ‘n middag (afhangend van die hoeveelheid kinders). Middagsorgpersoneel is vanaf 13h30 aan diens.

MIDDAGSORGTYE:

Middagsorg sal wees vanaf:	13h30 tot 17h00

U sal wel kans gegee word tot 17h15 om u kindjie te kom haal.
Indien u laat is sal daar ‘n boete van R50 gehef word.

Middagsorg sal beskikbaar wees vanaf Januarie tot November gedurende skoolkwartale.
Geen middagsorg sal gedurende die vakansies of gedurende Desember aangebied word nie.

MIDDAGSORGTARIEWE:

Januarie tot November	R700 per maand
Kuiermaatjie (slegs enkele dae)	R75 per middag

Etes is nie ingesluit by die fooi nie.

BETALING VAN MIDDAGFOOI:

Die betaling van die middagsorg se maandfooi is vooruitbetaalbaar en dit wel teen die 7de van elke maand. Dit is betaalbaar oor 11 maande (Januarie tot November). Die skole open op 11 Januarie en daar sal vanaf die 11de middagsorg wees. Middagsorgouers moet asb die bystaande briefie invul en op die eerste skooldag van die jaar indien. Indien u nie meer van die middagsorgdiens wil gebruik maak nie, moet u 10 dae kennis gee, deur die aangehegde kansellasievorm by die kantoor indien.

Die middagsorgfooi word nie in Willem Postma se skoolrekening inbetaal nie.
Die bankbesonderhede vir middagsorg is as volg:

Kontiki Middagsorg	Rekeningnommer: 930 335 4470
ABSA Spaarrekening	Takkode: 932005

Verwysing: Kindjie se naam en van

Indien u kind se middagsorg ‘n maand agterstallig is, gaan u nie toegelaat word om van die diens gebruik te maak, totdat die agterstallige fooi ingehaal is nie.

KLEIN POSSIE MIDDAGSORG

AFHAAL VAN KINDERS
Die skool benodig ID-afskrifte van alle persone wat u kind by die skool mag optel. Slegs hierdie persone sal toegelaat word om u kind te kom haal.

BENODIGHEDE
- Skooltas om besittings in te bêre
- Pak wet wipes per kwartaal

MIDDAGETES
Indien u nie van die middagete-diens wil gebruik maak nie, is u welkom om middagete, in ‘n duidelik gemerkte kosblik skool toe. Dieselfde reëls geld vir die inhoud van die middagkosblik as vir die oggendkosblik. Ouers is welkom om gekookte kos in te pak. Soggens moet ouers die middagkos in die yskas in die kombuis plaas. Kookkos sal in die mikrogolf verhit word.

The Lunchbox is ‘n diensverskaffer wat aan die skool middagetes lewer. Sy is ‘n dieëtkundige en haar kos en spyskaart is hoogs aan te beveel.

MIDDAGVERVERSINGS
Na opstaantyd sal die skool aan die leerders verversings verskaf in die vorm van vrugte, jogurt, springmielies of soutbeskuitjies en so nou en dan ook ‘n soet happie.

VRYWARING EN SKOOLREëLS
Skoolreëls, soos in die Inligtingstuk van Willem Postma Preprimêr, geld ook vir die middagsorg.

Ouers mag op ‘n ongereelde basis van middagsorg gebruik maak teen die middagsorg se dagfooi. Wanneer halfdagleerders vir middagsorg bly, moet dit vooraf gereël word.

ONDERNEMING VAN REKENPLIGTIGE OUER

Ek, _____ , ouer / voog van _____ , aanvaar bogenoemde voorwaardes en verbind my tot die nakoming daarvan.

_____ _____
Handtekening van ouer Datum

_____ _____
Handtekening van skoolhoof Datum

KLEIN POSSIE MIDDAGSORG

BESONDERHEDE VAN KIND

Naam en van: _____

Woonadres: _____

Enige mediese kondisies: _____

Allergieë of dieëtvoorskrifte: _____

Naam van huisdokter: _____ Tel no: _____

Mediese skema: _____ Lid no: _____

BESONDERHEDE VAN OUERS

Ouer 1		**Ouer 2**
_____	Naam en van	_____
_____	Sel no	_____
_____	Beroep	_____
_____	Werkgewer	_____
_____	Tel no	_____
_____	e-pos	_____

REKENPLIGTIGE OUER

_____

Volle name en van

_____

Posadres

_____

ID nommer